
1JH 1:12-13 - WAT OP AARDE IS 'N CHRISTEN? [3] Die merkteken van geloof (1) E247

Tot nou toe is 'n sterk klem laat val op God se soewereine inisiatiefneming in 'n mens se wedergeboorte. Dis reg so, want dis 'n feit en 'n Bybelse beklemtoning. Die Bybel het egter 'n ewe sterk klem op die mens se *verantwoordelikheid* en *betrokkenheid* by sy redding!

- In elke ware Christen het God deur Gees en Woord 'n wonderlike herskeppingswerk gedoen. Vanuit die nuwe hart, die nuwe natuur in hom of haar, vloei nou sekere optredes en gedragspatrone - dinge wat tipies is van elke Christen.

So 'n persoon raak nie net bewus van die Here se genadige en reddende bemoeienis nie, hy raak ook volledig by hierdie nuwe lewensuiting betrokke. *Geloof, bekering, heiligmaking* en *volharding* word nou deel van sy lewe. En hoewel al hierdie dinge genadegawes van God is, is die Christen meteen en onteenseglik intiem daarby betrokke. Trouens, *dis hý wat dit doen*. En dis *ervaarbaar, bewustelik* en *waarneembaar* - vir die persoon self, en diegene om hom - en hy is beswaarlik bewus daarvan dat dit ten diepste die Heilige Gees is wat in hom werk.

Fil 2:12-13 knoop hierdie geheimenisvolle samewerking tussen God en mens pragtig ineen: "*.... werk julle eie heil uit met vrees en bewing; want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na Sy welbehae.*"

- Verstaan dit goed: hoewel hierdie nuwe handeling en lewenspatrone nie anders kan as om vanuit 'n herskepte hart te ontspring nie, kom dit nie maar sommer vanself en maklik-maklik nie; trouens, dit gaan dikwels met *inspanning, persoonlike*

dissipline en selfs *stryd* gepaard. Die Nuwe Testament maak nie 'n geheim daarvan dat die Christelike lewe geen sondagskool-piekniek is nie (vgl. bv. Mt 10:22; Lk 13:24; 21:19; Jh 16:33; Hd 14:22; 1Kor 9:24-27; Ef 6:12; 2Tm 2:3; Hb 12:1).

- *Dit is hiérdie optrede, lewenswyse en selfs stryd waaraan 'n Christen uitgeken moet word. Dis die "simptome" wat beskryf moet word ten einde 'n werksdefinisie van 'n Christen te ontwikkel.*

Die apostel Johannes se merktekens van wedergeboorte

Ek het reeds daarop gewys dat 1 Johannes tot 'n groot mate daaraan gewy is om ons vraag te antwoord (2:29; 3:9; 4:7; 5:1; 5:4; 5:18). Hiermee sal ons nou vorentoe werk. In die proses sal ek die verse nie hanteer soos hulle in die brief voorkom nie; ek sal, vir ons doel, 'n ietwat meer logiese orde volg.

Net eers 'n paar inleidende, maar belangrike opmerkings.

- Volgens hierdie verse kan gesê word dat ten minste vyf dinge wáár is van enige ware Christen.
 - Eerstens glo hy of sy in Jesus Christus (5:1).
 - Tweedens lewe 'n wedergeborene 'n bekeerde en bekerende lewe, wat negatief tot uitdrukking kom in heerskappy oor sonde (3:9) en positief gekenmerk word deur gehoorsaamheid aan die wil van die Here (2:29).
 - Derdens word so 'n persoon se lewe beheers deur Christelike liefde (4:7).
 - Vierdens heers 'n ware Christen oor die suigkrachte van hierdie God-vyandiggesinde wêreld waarin ons leef (5:4).
 - Vyfdens volhard hy of sy in heilige toewyding aan die Here tot aan die einde van sy of haar lewe

hier op aarde (5:18).

- Hierdie merktekens geld van diegene wat "*uit God gebore is*". Dit is net 'n ander manier van Johannes om van wedergeboorte te praat (Jh 1:13 in die Ou Vertaling is 'n letterlike weergawe van die Grieks; die NAV se "is 'n kind van God" is 'n parafrase).

- Elkeen van hierdie merktekens geld van "*elkeen*" wat wedergebore is. Die implikasie is dat *alle* Christene, en net hulle, *elkeen* van hierdie merktekens sal dra.

- Die res van die Nuwe Testament maak dit duidelik dat hierdie merktekens in 'n Christen ontwikkel soos hy of sy in heiligmaking groei. Voorts ontwikkel elkeen ook nie noodwendig ewe vinnig in 'n besondere persoon nie. Maar selfs al is dit aanvanklik net embrionaal, sal elke *watermerk* inderdaad in beginsel en kwalitatief teenwoordig wees in elkeen wat die ewige lewe as gawe ontvang het. Nog meer - dit sal onmiskenbaar en progressief in hulle werksaam wees.

- Die werkwoord ("*is gebore*") is betekenisvol:

- Dit is elke keer *passief*, wat daarop dui dat dit nie iets is wat deur die betrokke persoon self bewerkstellig is nie, maar dat hy dit ondergaan het.

- Ook is dit elke keer in 'n werkwoordstyd (die perfektum) wat dui op iets wat *in die verlede gebeur het, waarvan die effekte steeds voortduur*.

Die eerste merkteken: Geloof in Jesus Christus

- Aangesien dit van wesenlike belang is, sal ons heelwat aandag aan die eerste merkteken gee. Kom ons begin dus daarmee. Só stel die OAV dit in 1Jh 5:1: "Elkeen wat glo dat Jesus die Christus is, is uit God gebore ... "

- Dis van lewensbelang dat ons nie onnadenkend oor die Bybelse gebruik van die begrip "geloof" sal glip nie. Die Skrif is duidelik: God se vryspraak en regverdigverklaring word alleen *deur geloof* 'n werklikheid in iemand se lewe. Maar dit geld nie van enige geloof nie. Daar is baie soorte geloof; trouens, daar is geen mens wat nié glo nie. Menslike lewe is onmoontlik daarsonder. As ek geld in 'n bank deponeer, glo ek byvoorbeeld dat ek dit weer sal terugkry as ek dit opvra.

- *Saligmakende geloof is iets baie spesifieks!* Dis lewensnoodsaaklik om nie hier mis te trap nie. En omdat dit skrikwekkend maklik is om jou lewe lank in die waan te leef dat jy die ware Jakob beet het, terwyl jy dit totaal mis, waarsku die Bybel keer op keer dringend teen vals geloof, teen tevergeefse geloof.

Dit is selfs moontlik om 'n baie regsinnige geloof te hê - sonder dat dit eg is (Jk 2:14 e.v.).

- In die Bergpredikasie (Mt 7:21-23) sê die Here Jesus daar is mense wat Hom as Here en Koning bely, maar wat nogtans verlore sal gaan. Dit is selfs moontlik dat hulle in Sy Naam profeteer, duiwels uitdryf en wonderwerke doen. Hy beskryf hulle as aktiewe werkers, trouens, kragvervulde werkers. Hulle werk "in Sy Naam" (drie keer beklemtoon sodat ons Sy punt nie sal mis nie). Les bes is hulle rustig onder die indruk dat hulle gered is, want hulle is stomgeslaan as hulle uiteindelik Sy verwerpingswoord hoor. En, let op, dit geld nie net vir enkele nie; daar is baie sulkes.

Die Here noem hulle "werkers van ongeregtheid" (lett.), dus sondaars. Hulle sonde is nooit vergewe nie, hulle is nooit deur die geloof geregtig nie. *Hulle het dus nooit saligmakende geloof gehad nie!*

- Ook in die gelykenisse waarsku die Here Jesus weer en weer teen selfbedrog wat hierdie saak betref - teen die natuurlike neiging van die mens om homself wys te maak dat hy nie 'n probleem het nie.

- *Geestelike huise* lyk dikwels op 'n haar na dieselfde - totdat die storm van God se oordeel kom (Mt 7:24-27).

- Koring en onkruid lyk soms so eenders dat die verskil eers gesien word as dit te laat is (Mt 13:24-30).

- Tien meisies ontvang 'n uitnodiging na die bruilofsmaal van die Lam; al tien neem dit aan; al tien wag vir die Bruidegom - net vyf word ingelaat (Mt 25:1-13).

- Twee mense se geloof lyk presies dieselfde. Eers na verloop van tyd (dit kan jare wees) blyk dit dat die een s'n 'n namaaksel was as dit sonder wortel onder aanslae swig of deur die verleidinge van hierdie wêreld verswelg word (Mk 4:3-9; 14-20).

- Ware en vals geloof kan tot 'n verraderlike mate ooreenstem:

- Ware geloof fokus op Christus. En vals geloof kan koorsagtig opgewonde oor Hom wees (Jh 2:23-25).

- Ware geloof word gewerk deur die Gees. En vals geloof kan gepaard gaan met uitsonderlike, nie net uiterlike nie, maar innerlike en verliggende werkinge van die Gees (Hb 6:4-6). Hierdie mense was op geen stadium regtig gered nie. Hulle harte is immers nooit verander nie; dis ten spyte van die reën van God se seën steeds so hard en wild soos die grond in v.8. Daarom sê die skrywer vir sy lesers, van wie hy aanvaar dat hulle wél gered is, dat hy oor hulle "*van beter dinge oortuig (is), dinge wat saamhang met die saligheid ...*" (v.9).

- Ware geloof breek los uit die greep van hierdie wêreld se besmettinge. Vals geloof kan dit ook vir 'n tyd lank doen (2Pt 2:20-22).

Dit is inderdaad skokkend om in die Skrif te sien hoeveel die Heilige Gees in en deur mense kan werk - alles *duskant* Sy wederbarende werk.

Is ons nog op 'n Bybelse spoor?

Waarlik, enige mens wat begaan is oor sy ewige bestemming - en dit geld veral ware Christene - sal vervul word met die vrese van die Here as hy of sy erns maak met bogemelde Skrifuitsprake.

Nou mag jy sê, dit kan tog nie! Is vrede en vreugde nie deel van die vrug van die Gees nie (Gl 5:22-23)? Is geloofsekerheid nie deel van my erfenis in Christus nie? Die onrus wat hierdie preek in my bewerkstellig kan tog nie van die Here wees nie.

Vir seker is die vrug van die Gees en die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan die normale van 'n ware Christen se lewe. Maar let daarop dat ek hierbo puntenerig op 'n Bybelse spoor gebly het.

Onthou, die Skrif praat óók oor en oor van die vrese van die Here. En ons het nodig om kort-kort wakker geskud te word, nie waar nie. Almal van ons neig maar om soos die vyf dwase maagde te wees. Wie van ons ken nie geloofslomerigheid nie. En sonder Skrifwaarskuwings soos hierbo, loop almal van ons 'n wesentlike gevaar om aan die slaap gevang te word deur die wederkoms - of deur die dood wat baie dikwels soos 'n dief in die nag kom.

Waarlik, geloofsonrus van tyd tot tyd is 'n wonderlike genadegawe. Laat ons die Here daarvoor dank. En as dit te lank wegbly, is dit allermins 'n teken van gesondheid, maar veel eerder 'n simptoom van 'n ernstige siekte.

Laat ons onself maar gereeld ondersoek - *of ons nog in die geloof is en of ons nog besig is om te volhard in die geloofswedloop.*

Nico van der Walt

* Nico v/d Walt onderskryf die historiese, internasionale en reformatoriese 1689 Baptistebelydenis, asook die Belydenis van Sola 5, 'n assosiasie van Godgesentreerde evangeliese gelowiges in Suider-Afrika.

* Subskripsies, adresveranderings, kansellasies en korrespondensie: Postnet Suite No.148, Privaatsak X1, Northcliff, 2115.

E: nico.vanderwalt@reformed.org.za; Tel. 011 476 2907; 082 848 9396.

* Blogs: www.e-preke.blogspot.com (met skakels na nóg 4 blogs)

* Weekliks word 'n preek soos hierdie wêreldwyd en gratis per e-pos gestuur aan mense wat dit persoonlik aangevra het.

* Geen kopiereg. Dupliseer gerus. Of stuur elektronies verder.

* Preekopnames: E: info@nunide.org.za; T: 012-808 3906